

Hoërskool Heilbron atlete presteer



Hoërskool Heilbron se Primêre atlete presteer weer in 10 atlete is deur na die Noord-Vrystaat Atletiek Byeenkoms. Die volgende kinders gaan Saterdag, 29 Februarie in Sasolburg deelneem. Op die foto: Aldi Strydom, Chenelle Els, Shamone Ribeiro, Carli Rochat en Mieke van Wyk. Agter: Dihan Janse van Rensburg, Lourens Roux, Ernest Scheepers, Gerrit du Plooy en Tiaan Britz.

Gretha Wiid besoek Heilbron



Gretha Wiid besoek Hoërskool Heilbron Ouers op 24 Februarie 2020. Met 'n vinnige praatjie gelewer verduidelik sy dat elke ouer onvoorwaardelike liefde, aanvaarding, erkenning en aandag aan hulle kinders moet gee. Sy is passievol daarvoor om aan kinders te verduidelik wat hulle werd is en ook dat ouers betrokke moet wees om selfvertroue suksesvol te kweek in hul kinders. Met 'n versameling van 30 DVD uitgereik oor onderwerpe in: Huwelike, tieners, jong volwassenes, ouerskap, gesinne en vrouwees - deel sy met Heilbron ouers oor hoe om jou kind tot 'n suksesvolle toekoms te lei. Daar is uitgebrei oor die skermtjyperk wat aan kinders toegelaat word en die nadele wat dit kan voortbring. Behalwe vir die gesegde van "vierkantige oë" kan dit hulle hulle sig belemmer en op 'n latere stadium lei tot "ek verstaan nie" in klastyd. Daar is aan elke ouer verduidelik van die verskil tussen bevoorreg en bederf. Onderhandelings onder kinders het ook 'n groter probleem geword oor die jare en Gretha het verduidelik dat verantwoordelikhede nagekom moet word en gevolge sal volg indien anders. Ouers het meer duidelikhede gekry oor hoe belangrik betrokkenheid en belangstelling is om 'n verstandhouding met hul kinders te laat groei. Hierdie gratis insiggewende geleentheid het elke ouer verryk en laat verstaan dat tegnologie gaan aanhou vorentoe beweeg. Dit is belangrik om saam jou kind op datum daarmee te bly. Om op die platteland te bly is meer uitdagend as in die stad weens die eenvoudige rede dat almal mekaar ken. 'n Skandaal versprei vinniger en dit kan meer uitdagend wees vir kinders om in 'n groep in te pas. Gretha het aan elke ouers verduidelik dat die regte aandag en aanvaarding aan hul kinders gegee moet word om plattelandse uitdagings te oorkom. 'n Suksesvolle aand is agter die rug en elke bywoner het saam gelag, gehuil en geleer.

Wen 0/7 bekere



Gedurende die Bieliemielie-fees het twee Graad 1 leerlinge oulik presteer tydens die Mini-netbal en Bulletjie-rugby. Hulle het die 0/7 bekere gewen. Hulle is van links: Karabelo Moloi (Carlie du Plessis-trofee) en Kamohelo Mofokeng (Hero Didi-trofee).



Voltooi die Midmar-myl

Johanné en Adriaan Bonthuys, leerders van Hoërskool Reitz het die Midmar-myl voltooi, Johanné het dit die vierde keer voltooi, terwyl haar broer, Adriaan, dit vir die tweede keer voltooi het.

Hoërskool Reitz spog met hulle eie Spekboom-tuin



Die graad 1- leerders en hul onderwyseresse van Hoërskool Reitz het 'n Spekboom-tuin aangeplant op die skoolterrein. Almal het deelgeneem aan hierdie projek. Spekbome is 'n baie goeie lugsuiveraar in die natuur. Hoërskool Reitz is baie trots op hierdie inisiatief.

